

HOOFSTUK VI.DIE WILSHANDELING MET BESONDERE AANDAG AAN DIE TEMPERAMENT.

1. INLEIDEND: In die voorgaande hoofstukke is 'n beskeie poging aangewend om opvoedingswerk na verskillende kante nader te kwalifiseer. Die benaderingswyse, die sienswyses wat aangebied is en die kritiese opmerkings wat tot dusverre gemaak is, spreek almal vir hulleself. In hierdie een moet nou 'n verdere taak onderneem word, naamlik om betreklik volledig aandag aan die tegniek van die wilshandeling te skenk. Hierdie taak word om die volgende reds noodsaaklik geag:

(a) Aangesien 'n funksie soos opvoeding so 'n bindende beslag op die wil van die opvoeder lê, is dit nodig om so volledig moontlik aan te toon watter komponente en elemente 'n rol in die afloop van die wilshandeling speel. Dis in werklikheid dié funksie wat sy beroepswerk onderlê. Verder is dit noodsaaklik om hier op te merk dat wanneer hy as suksesvolle beroepsbeoefenaar gekwalifiseer word, dit in 'n besondere mate met verwysing na komponente van die wil geskied, soos intelligensie, temperament en karakter.

(b) Afgesien van die feit dat die beoefenaar in sy beroepswerk uit sy wil, feitelik en normatief lewe, is dit een van sy hooftake om die wil van sy opvoedeling te vorm. Mens verstaan die implikasies van hierdie taak des te beter as jy terdeë met die tegniek van die wilshandeling vertrou is. Die belangrike feit moet tegelyk hier onderstreep word dat ook die kind 'n willende en 'n doelnastrewende wese is. Dis veral in verband met die probleem- en afwykingsgeval dat kennis van die wilslewe so noodsaaklik is. In alle probleem- en afwykingsgevalle behoort die vraag steeds te wees waarom die kind gekies het soos hy gekies het en waarom hy waarop hy besluit het, uitgevoer het soos hy dit gedoen het. Vir alle terapeutiese werk is 'n grondige kennis van die wilslewe uiters noodsaaklik want in die grond van die saak wil

ons hê dat die kind anders moet kies en handel as wat hy tot dusverre gedoen het.

(c) Die keuse van die besondere beroep was geen ongewilde keuse nie. Die opvoeder-onderwyser het eenmaal bewus hierdie beroep gekies, d.w.s. hy het 'n wilshandeling uitgevoer, hy het hom daarvoor laat oplei en hy volhard nog steeds daarin. Beroepskeuse, beroepsopleiding en beroepsvolharding maak 'n omvattende kennis van die wilshandeling buitengewoon noodsaaklik. Mens kan dit baie radikaal stel en sê dat indien iemand die besondere beroep waarin hy staan, nie 'gewil' het nie, wou hy nie onderwyser word nie. Dit beteken geensins dat indien hy oorspronklik op iets anders sou besluit en toe onderwyser geword het, dié persoon by implikasie geen onderwyser is nie. Dit bly 'n feit dat 'n mens eers in en deur die beroep word waarop jy besluit het of nie is nie waarop jy wel besluit het, selfs dat jy word waarop jy nie besluit het nie.

(d) Vir die eventuele aanbieding van proewe van 'n pedagogiese tipologie is 'n kennis van die wilshandeling en wat hiermee saamgaan, eenvoudig onmisbaar. Herhaaldelik is reeds gepraat van oorwegende geneigdheid van 'n duursame aard by 'n groep persone. Dis 'n aangeleentheid wat suiwer op die dimensies van die dinamiese lê. Die vraag is dan watter geneigdheid aan die lig tree en of die konstantheid van voorkeur, keuse en wilsrigting nie deur 'n bepaalde sterkteverhouding van die neiginge of disposisies onderlê word nie.

(e) Die ontleding word onderneem om in sonderheid die plek en funksie van die temperament aan te toon. Dienaangaande bestaan daar mynsinsiens heelwat onsekerheid en selfs verwarring. Hieroor moet uitsluitseel verkry word. Vir die ontwerp van 'n pedagogiese tipologie sal besondere aandag aan temperamentseienaardighede geskenk moet word. Ook in die uitgevoerde ondersoek is heelwat aandag hieraan geskenk.

## 2. DIE WILSHANDELING EN WAT HIERMEE IN VERBAND STAAN:

Dis nodig dat die wilshandeling of die gewilde handeling van die nie-gewilde een onderskei word. 'n wilshandeling is daardie tipe handeling of gedragssuiking waaraan bewus vooraf gedink is, wat as doel aanvaar is of waarop besluit is en wat deur die kraginspanning ten uitvoer gebring is. Instinktiewe, refleksiwe, ideomotoriese en impulsiewe handelinge is geen gewilde handelinge in die hier omskrewe sin van die woord nie. Die gewilde handeling, soos dit onskrywe is, besit drie kenmerke.

(a) Eers daaraan gedink het: Dit omsluit die volgende:

- (i) Die beoordeling van die konkrete situasie met die oog op die moontlikhede van ingryping en handeling.
- (ii) Die voorstelling van die resultate wat as gevolg van 'n mens se handeling verwag word. Dis dan die oogmerk, doelstelling of motiewe.
- (iii) Die voorstelling van verskillende moontlike handelinge wat deur 'n mens se inspanning uit te voer is.

Die hiergenoemde gang van sake word deur twee stelle faktore bepaal wat as volg gestel kan word:

- I. Intellektuele of verstandsfaktore. Om 'n situasie te beoordeel en die gevolge van handeling voor te stel, vereis verstandswerk. Die intellektuele faktore wat hier op die spel is, omsluit opgedane kennis, en opgehoopde lewenservaring.
- II. Twee stelle temperamentsfaktore, te wete die graad van emosionaliteit en van primêre of sekondêre funksie.

(b) Dit as Doel aanvaar het of daarop besluit het. Dit behels die volgende:

- (i) Die opkoms van begeertes: Die een voorstelling van 'n handeling vind geen aanklank by die mens nie terwyl 'n ander een vir hom besondere waarde mag inhou. Die voorstelling wat aanklank vind, verwek 'n begeerte wat 'n aandrang in die bewyssyn is om iets

te verwesenlik.....

te verwesenlik. 'n Voorstelling kan alleen 'n begeerte uitlok wanneer daar 'n neiging, karaktertrek of disposisie in daardie rigting by die persoon aanwesig is. Die voorstelling in sy aanklank by 'n neiging wek 'n begeerte.

- (ii) Wanneer daar botsende begeertes is en die verwesenliking van die een belemmer die uitvoering van die ander, vind daar oorweging plaas. Sake word teenmekaar opgeweeg. Vroeër of later moet daar gekies of besluit word. Wat bepaal nou die besluit? Hier loop die meninge uiteen. Die een skool verklaar dat die vrye ongebonde wil die deurslag gee terwyl die deterministe die oortuiging huldig dat 'n mens se sterkste begeerte die deurslag gee, aangesien die sterkste begeerte aandui waaraan 'n mens die meeste waarde heg. Die sterkte van die begeerte word bepaal deur die sterkte van die karaktertrekke of die neigings as duursame disposisies of gesteldhede. Dit hang dus van die geaardheid van die karakter af wat die besluit gaan wees. Dit beteken dat die besluit geen onveroorsaakte gebeurtenis is nie.

(c) Deur eie kraginspanning ten uitvoer bring: Die besluit sonder die uitvoering daarvan of die onmoontlikheid om waarop besluit is ten uitvoer te bring, bestempel die handeling nog nie as 'n gewilde een nie. Mens kan op baie dinge besluit sonder om dit ooit tot uitvoering te bring of om dinge te wil doen wat buitekant die grense van menslike vermoëns geleë is. Dis dan gevalle van vrome voornemens en van loutere wensdenkery. Persone verskil onderling wat betref die mate van beslistheid, spoed en volharding om uitvoering te gee waarop besluit is. Die resoluutheid, spoed en volharding waarmee die uitvoering gepaard gaan, is van 'n ander temperamentsfaktor afhanklik. Dit staan bekend as die graad van aktiwiteit.

Hierdie saaklike karakterisering van die kenmerke van die gewilde handeling het reeds drie stelle temperamentsfaktore onder die aandag gebring. Melding is gemaak van die graad van emosionaliteit, primêre of sekondêre funksie en aktiwiteit. Deur van drie stelle temperamentsfaktore te praat en hulle teweens te kwalifiseer soos wat gedoen is, beteken dat ons reeds 'n bepaalde standpunt teenoor ander beskouingswyses ingeneem het. Hiervoor moet regverdiging aangebied word en moet vervolgens ook aandag aan die invloed van die temperament op die wilslewe geskenk word.

3. DIE TEMPERAMENT MEER IN BESONDERHEDE: Die differensiële psigologie in sy poging tot beskrywing en verklaring van die individuele mens of in sy strewe tot tipologisering op grond van generalisasiewerk het in 'n veelheid van ringtinge ontwikkel. Die benaderingswyses is baie verskillend en die terminologieë besonder uiteenlopend. By nadere besinning en vergelyking skyn dit tog asof daar groter ooreenkoms as verskil bestaan. Aan die einde van hierdie paragraaf sal kortliks op 'n poging tot sintese gewys word.

Die ervaring leer dat mense onder dieselfde kondisies van milieu-beïnvloeding en opvoeding en met gelykwaardigheid van intellektuele aanleg en lewenservaring die invloede en faktore wat op dieselfde moment gelyksoortig op hulle inwerk of waaraan hulle agtereenvolgens blootgestel is, baie verskillend ondergaan en verwerk. Hulle ondervind die indrukke besonder verskillend en hulle reaksies op die indrukke is ewe-eens verskillend. Hierdie verskille ten aansien van die ondergaan en verwerking van invloede en ervarings moet as geheel en al afhanklik van die tipologiese grondaanleg wat vanaf die geboorte in die persoon aanwesig is, beskou word. Dit word dan vrywel altyd gesê dat die verskille wat daar ten opsigte van die ondergaan en verwerking van prikkels by mense bestaan, aan temperamentsverskille toegeskrywe moet word. Die grondaanleg kan van oorwegend liggaamlike of oorwegend geestelike aard wees. Oor

elkeen hiervan word enkele besonderhede met verteenwoordigers gegee.

(a) Op Basis van Konstitusionele Aanleg: Die persoonlikheid is 'n psigo-fisieke eenheidstruktuur. Maar hierdie eenheid word dikwels so geïnterpreteer dat die psigiese as derivaat van die fisiologiese beskou word. Dis ook die geval op die gebied van die temperament. Die somatiese openbaar in hom sy aangebore fisiologiese eienaardighede soos samestelling van die bloed, die werking van die sentrale senuwestelsel en veral in die rol wat die buislose kliere speel. Hierdie aangebore konstitusionele aanleg bly dan dwarsdeur die lewe konstant. Die liggaamlike konstitusie het buitengewone invloed op die psigiese eienskappe en word die temperament as die geestelike konstitusie van die liggaamlike keerkant beskou. Die temperamentsleer van Hippocrates (400 v.C.) en Galenus (175 n.C.) steun hierop. Laasgenoemde het vier temperamentstipes onderskei, naamlik die sanguinicus (oorheersing van bloed), flegmaticus (slym), cholericus (gal) en melancholicus (swart gal).

Hierdie fisiologiese grondslag is nie gehandhaaf nie, hoewel dit tot op die hede nog steeds sy invloed vertoon. Die temperament word dan gesien as die kompleks van liggaamlike aanlegsfaktore wat die spesifieke ritme van verloop van iemand se psigiese prosesse bepaal. As gevolg van sy somatiese verankering besit dit geringe vatbaarheid vir direkte beïnvloeding. Dit kom in al ons doen en late in die formele kenmerke daarvan tot uiting. Volgens (1) Ewald is die temperament die aangebore psigiese konstitusie wat ten nouste met die liggaamlike saamhang. Dis 'n erflike aangeleentheid met die gevolg dat van opvoedbaarheid maar weinig sprake is. Die temperament hang saam met die biotonus of lewenspankrag en sien hy dit as die intensiteit en ritme van lewensspankrag. Dis die energiespanning wat die snelheid en sterkte van al die lewensverrigtinge reël.

Hierdie.....

(1) cf. Ewald: Temperament und Charakter

Hierdie spanning bly dwarsdeur die lewe van elke individu konstant en is vir sy werking in 'n besondere mate van interne sekresies afhanklik. Die kompleks van geestelike faktore wat die temperament bepaal, hang van die biotonus af. Dit bepaal die intensiteit en tempo van psigiese reaksies en begeleidendes vitale gevoelens of die stemmingsagtergrond van die individu. Hierdie stemmingsagtergrond bepaal of by die individu gedurende sy lewe 'n opgewekte of droefgeestige stemming sal domineer. Hy onderskei drie temperamente: die sanguiniese of hypomaniese, melancholiese of depressiewe en normale of besonne temperament.

(1)  
Kretschner toon die noue verband tussen liggaamsbou en temperament aan. Hy praat van die cyclothyme of circulaire temperament wat maklik na uiterstes oorslaan en wel van 'n opgewekte stemmingspool (manies) na 'n sieklike manies-depressiwiteit. By die circulaires onderskei hy verder tussen die vlottes of hypomanici, die swaarwigtiges en die stil vergenoegdes. Wat konstitusie betref, word hulle gekenmerk deur kort bou, groot buikvorming, plastiese gelaatstrekke, 'n sterk neiging tot oortollige vetvorming, tengerige hande en voete, om maar enkele te noem. Teenoor die cyclothyme staan die schizothyme wat gekenmerk word deur 'n kritiese, ingetoë lewenshouding, ingemuurdheid, teruggetrokkenheid en skugtere mededeelsaamheid. Verdere onderskeidings word gemaak tussen die oorgevoelig-eenselwiges, patetiese idealiste, koue despote, onverskillige boemelaars, en driftig-stompes. Hulle bou is leptosomies en atleties.

Die konstitusie in sy erflike belastheid of bevoorregting met sy gepaardgaande psigiese kenmerke is grootliks onderhewig aan die werking van hormone uit die

buislose.....

(1) cf. Kretschmer: Physique and Character.

buislose kliere, veral die skildklier. Spottend-waarskuwend word oor die entoesiastiese endokrinoloog as volg opgemerk:

"The enthusiastic endocrinologist will translate not only the bodily traits but the whole personality of Cassius into his endocrine formula, and with his glance focussed on the pituitary gland have little interest in the organisation of all the other forces which make up that sombre personality. .... For this worker not Wellington nor Blücher is the agent of destiny, but providence worked out its will by determining an early failure of the great man's pituitary gland." (1)

Die mees uitgesproke, selfs radikale benadering van die vraagstuk van temperament vanuit konstitusie-oogpunt is mynsinsiens dié van Sheldon in samewerking met Stevens. Sy uitgangspunt is die "solid bone and flesh of the individual." Hy beywer hom vir 'n sistematiese klassifikasie van strukture in liggaamsbou en probeer dan om dié met die temperament te korreleer. So onderskei hy op grond van uiteraars sorgvuldige meting en interpretasie van foto's tussen endomorphy, mesomorphy en ectomorphy. Die respektiewe hiermee korrelerende temperamentstipes is eerstens die viscerotonia wat in sy ekstreme uitingsvorm gekenmerk word deur algemene papheid, gemaksg, sosialiteit, genotsoormaats, seksuele uitspatlikhede, 'n sug na vertroeteling en om bedien te word. Tweedens die somatotonia wat deur heftige liggaamlike en geestelike selfversekerdheid gekenmerk word terwyl by die cerebrotonia ingemuurdheid en  
(2)  
inhibisie oorheers.

(b) Op Basis van suiwere psigiese kenmerke: Hier tref ons baie verteenwoordigers en navorsers aan. Enkele opmerkinge word gemaak oor Jung, Künkel, Jaensch, Pfahler en Heymans. Reeds Plato het hom indirek met tipologiese werk besig gehou. Hy onderskei tussen verstand, wil en begeerte,

aan.....

(1) The Encyclopedia of Psychology, 459.

(2) cf. Sheldon: The Varieties of Temperament, veral Hoofstuk I.

aan elkeen waarvan hy onderskeidelik 'n deug verbind, naamlik wysheid, dapperheid en selfbeheersing. Die onderlinge harmonie hiertussen lei tot geregtigheid. In die afwesigheid van geregtigheid kry ons óf 'n oorheersing van die verstand, óf die wil óf die gevoel. Hieruit kom vorentoe heersers, wagters, en arbeiders. Die Fransman, Quéyrat, bied 'n temperamentsindeling aan wat op drie kenmerke van die sielelewe berus, naamlik verstand, wil en gevoel. Na mate die een oor die ander domineer, kry ons te doen met verstandsmense, mense van die daad en gevoelsnature. (1)

Die Switser, C.G. Jung, onderskei op psigiatriese gronde tussen die geëkstroverteerde en geïntroverteerde tipe. By eersgenoemde rig die psigiese energie hom na buite en word die lewe van handeling meer beheers deur die eise van die buitewêreld as deur persoonlike oortuiging. Daar is 'n geneigdhed tot objektiwiteit wat deur 'n oorgawe aan eise gekenmerk word. Persoonlike insig en oortuiging speel in verhouding 'n geringe rol terwyl die gangbare opvattinge en heersende ideologie nogal sterk aanklank vind. Tot hierdie tipe behoort die oop nature; hulle is vlot in die omgang en beskik oor 'n maklike en spontane aanpassingsvermoë. Hulle gee hulle as't ware aan hulle omgewing. By die geïntroverteerde tipe word die psigiese kragte na binne gerig. Daar is 'n opgaan in die eie gedagte-wêreld. Vir beïnvloeding deur ander besit hulle weinig vatbaarheid terwyl die kritiek van die medemens hulle onverskillig laat. Daar is 'n neiging tot subjektiwiteit wat neerkom op 'n afsluiting van invloede van buite. Hierdie tipe word deur sy eie idees beheers. Hy is geslote, ingemuur en ongenaakbaar, koud en geheimsinnig. Die spontane vermoë tot  
aanpassing.....

(1) Bigot, Kohnstamm, Paland, Op. cit., 176.

aanpassing is afwesig. Jung betrek nou verder nog vier psigiese grondfunksies onder elke tipe, naamlik denke, gevoel, gewaarwording en intiüsie sodat hy in werklikheid agt tipes onderskei.<sup>(1)</sup>

Fritz Künkel, die mees selfstandige leerling van Jung, onderskei tussen "Ichhaftigkeit" en "Sachlichkeit". By eersgenoemde domineer die geldingsdrang en magstrewe. Wanneer die gedrag hierdeur beheers word, praat hy van prikkelbaarheid. By 'Sachlichkeit' gaan dit om diens aan die gemeenskap en 'n aanpassing en inskakeling by die gestelde eise. In hierdie verband praat Künkel van fyngesvoeligheid. Hoe groter die 'Ichhaftigkeit', des te kleiner is die 'Sachlichkeit' en omgekeerd. Künkel wys verder daarop dat menslike reaksies iets van albei bevat. Anders gesê: daar is sentrefugale en sentrepetale kragte werkzaam. Die ekmiddelpuntsoekende kragte kan oorheers en omgekeerd, maar nooit is die een aanwesig met totale uitsluiting van die ander nie. Die 'Ichhaft'-ingestelde mens strewe bewus of onbewus na 'n ek-ideaal waardeur hy vanselfsprekend meer van 'n heersersnatuur is as die ander uiterste van dienende toewyding.<sup>(2)</sup>

W. en E. Jaensch het hulle buitengewoon toegelê<sup>(3)</sup> op die ondersoek van eidetiese beeldvorming. Onder eidetici het hulle twee tipes aangetref, naamlik die T-tipe (Tetanoïde waarnemers) en die B-tipe (Basedoïde waarnemers). By eersgenoemde vertoon die beelde baie ooreenkoms met nabeelde. Die eidetiese beelde ontstaan nie spontaan nie; daar is iets stors en stilstaande. Hierdie waarnemers vertoon psigies en fisies ooreenkoms met lyers aan tetanoïde wat deur 'n defek in die byskildklier veroorsaak word. Hulle het 'n bleek gelaat met 'n mismoedige uitdrukking. Mense wat tot hierdie tipe behoort.....

(1) Cf, Jung: Psychological Types.

(2) Künkel: Inleiding tot de Karakterkunde, 1-17.

" Karakterergroei en Opvoeding, 1-57.

(3) Jaensch: Eidetic Imagery.

behoort, het die gevoel asof eidetiese beelde hulleself opdring. Hulle is geslote, wantrouig en swaarmoedig. Die B-tipe se beelde lyk meer op voorstellinge; die beelde is beweegliker en hulle ontstaan spontaan hoewel hulle ook na willekeur opgeroep kan word. Hierdie eidetici is buitengewoon vatbaar vir suggestiewe beïnvloeding. Psigies en fisies vertoon hulle ooreenkoms met die lyers aan die siekte van Basedow, naamlik 'n defek in die skildklier. Persone wat tot die B-tipe behoort, het 'n oop en opgewekte gemoed. Van nature is hulle meededeelsaam en maak maklik met hulle omgewing kontak.

(1)

Pfahler staan sterk onder die invloed van Kretschmer maar vertoon ook besondere verwantskap met Heymans. Vir die opbou van sy tipologie gaan hy van drie grondfunksies uit naamlik (i) aandag en opmerksaamheid of 'n persewerasietendens wat op die terrein van die voorstellingslewe lê, (ii) emosionaliteit of die graad van aanspreekbaarheid van die gevoel met die kenmerkende oorheersing van lus- en onlusgevoelens en (iii) die daad, lewens- of vitale energie.

Hierdie grondfunksies noem hy aanleg in die strenge sin van die woord. Hulle bly ons betreklik onveranderlik by en het niks te maak met inhoude wat uit die milieu kom nie.

Pfahler onderskei in werklikheid 'n twaalfstal tipes waarvan die twee grondtipes is (i) "Typus der festen inneren Gehalte" en (ii) Typus der flieszenden inneren Gehalte".

Eersgenoemde se opmerksaamheid is eng, fikserend, objektief, analiserend en diskreet met sterk persewerasie. Die verlede werk na in die hede. Die tipe van die vaste inhoude is mense wat sin het vir wet, reëlmaat, ritueel en nougesetheid. Onder hulle kry ons mense met profetiese visie maar ook belaglike beterseters. Na buite is hulle geslote en na binne gesplete. Hulle is swak aangepas aan hulle omgewing en lewe as't ware op 'n afstand van hulle

medemens.....

(1) cf. Pfahler: (a) Vererbung als Schicksal.

medemens. As eensames staan hulle daar, eiesinnig en onberekenbaar vir die toeskouer.

Die tweede grondtipe is die meer aangepaste. Hulle gaan op in hulle omgewing wat deur hulle as natuurlike ontwikkelingsruimte aangevoel word. Aanpassing geskied spontaan en natuurlik maar juis hierdeur word hulle deur onbestendigheid en oppervlakkigheid bedreig. In die omgang is hulle hart op hulle lippe en in die samelewing is hulle die bemiddelaars en die bruggebouers. Hulle opmerkzaamheid is fluktuierend, subjektief, sinteties en globaal maar met swak persewerasie.

Die tipes van Kretschmer, Jung, Künkel, Jaensch en Pfahler het onteenseggelik as grondslag vir hulle indeling die grondhouding, wat die ek teenoor sy werlikheidsverbonden-hede inneem. Hulle belig eintlik die moontlike teëstellings, tussen die 'ek' en die buitewêreld. Die 'ek' kan hom óf aan die buitewêreld gee, dit liefhê en as't ware daarin opgaan of hy kan hom daarvan afskei en hom met sy eie gedagtewêreld besig hou. Die volgende gee 'n goeie vergelykende samevatting.

|            | <u>Oorgawe aan die Buitewêreld</u> | <u>Afskeiding v.d. Buitewêreld.</u> |
|------------|------------------------------------|-------------------------------------|
| Kretschmer | die cyclothyme tipe                | die schizothyme tipe.               |
| Jung       | die geëkstroveerde tipe            | die geïntroveerde tipe              |
| Künkel     | die Sachliche tipe                 | die Ichhafte tipe.                  |
| Jaensch    | die Basedoïde tipe                 | die Tetanoïde tipe.                 |
| Pfahler    | die tipe met vloeiende inhoude     | die tipe met vaste inhoude.         |

Die gesonde verbeelding kan in die lig van enigeen van die temperamentstipes van hierdie vyf grootmeesters aflei watter tipe die mees geslaagde opvoedings- en onderwyswerk verrig. Dis eintlik onnodig om te vra of die opvoeder-onderwyser hom behoort af te skei van die buitewêreld dan of hy hom daaraan behoort oor te gee. Die uitgevoerde ondersoek bring iets hieromtrent aan die lig.

Van die temperamentstipologieë wat nog resteer, moet kortliks aandag aan dié van Heymans geskenk word. Sy indeling sluit aan by dié van Galenus. Nes Queyrat gaan hy ook uit van belewing, kenning en strewing en maak hy van drie begrippe gebruik, naamlik (i) emosionaliteit of die mate van vatbaarheid vir aandoeninge bokant of benede die gemiddelde; (ii) sekondêre funksie wat in verband staan met die nawerking wat psigiese inhoude op die bewussyn uitoefen nadat hulle reeds uit die sentrale bewussyn verdwyn het en (iii) aktiwiteit wat betrekking het op die meerdere of mindere maklikheid waarmee iemand spontaan tot handeling oorgaan. So kom Heymans tot 'n agtal tipes wat as volg weergegee kan word:

- |                         |                                                         |
|-------------------------|---------------------------------------------------------|
| (i)Die Gepassioneerdes: | emosioneel, sekondêr funksionierend, aktief.            |
| (ii)Die Cholericici     | : emosioneel, primêr funksionierend, aktief.            |
| (iii)Die Sentimenteles  | : emosioneel, sekondêr funksionierend, nie-aktief.      |
| (iv)Die Nerveuses       | : emosioneel, primêr funksionierend, nie-aktief.        |
| (v)Die Flegmatici       | : nie-emosioneel, sekondêr funksionierend, aktief.      |
| (vi)Die Sanguinici      | : nie-emosioneel, primêr funksionierend, aktief.        |
| (vii)Die Apatici        | : nie-emosioneel, sekondêr funksionierend, nie-aktief.  |
| (viii)Die Amorfe        | : nie-emosioneel, primêr funksionierend, nie-aktief.(1) |

In die ontleding van die wilshandeling wat hierna volg, het ons die terme van Heymans aangewend en in die eie ondersoek die temperamentscienaardighede onder sy tipes probeer tuisbring. Ons meen dat sy inde-  
lingsgronde die beste is omdat hulle al die ander omsluit. Noukeurig besien, is dit tog maar telkens hierdie drie  
stelle grondeienskappe van die temperament wat onder verskillende benaminge deur psigoloë vorentoe gebring word. Vir die  
ontwerping van 'n pedagogiese tipologie moet telkens met  
hierdie.....

(1) Heymans: Inleiding in de Speciale Psychologie, I & II.

hierdie drie grondeienskappe van die temperament rekening gehou word. 'n Sintese tussen die verskillende bestaande rigtinge is moontlik en is ook skitterend deur Mennicke<sup>(1)</sup> onderneem. Ons sluit ons in hoofsaak by hom aan.

In elke studie oor die wilslewe bestaan daar altyd deur die lewe van voorstellinge, 'n opneem en 'n verwerking van die gegewens sowel as 'n na buite-gerigte vormgewing daarvan. Heymans en Pfahler het in hulle teorieë al drie die genoemde gebiedens gedek. Wat die voorstellingslewe betref, praat Heymans van primêre en sekondêre funksies; Pfahler van fluktuierende, subjektiewe, sintetiese, globale opmerkzaamheid en swak perseverasie enersyds en van enge, fikserende objektiewe, analiserende, diskrete opmerkzaamheid<sup>(2)</sup> en sterk perseverasie andersyds. Klages besig 'n ander terminologie. Hy praat nie van prikkels en voorstellinge nie maar van die "Erregbarkeit des Willens und des Gefühls". Sy beredenering is dientengevole anders hoewel die beskrywinge wat gegee word, vrywel geheel en al ooreenkom met dié van die primêre en sekondêre funksie van Heymans. Die ontvanklikheid vir en die gemaklike reaksie op indrukke, die maklike oorgang van die een indruk na 'n ander, ens. klop met sy beskrywing van "Leichterregbaren", terwyl die betreklike geslotenheid, langsame reaksie en volharding in die opgenome voorstellinge, m.a.w. sterke perseverasie, met die "Schwererregbaren" ooreenkom. Häberlin<sup>(3)</sup> met sy rasionalistiese benaderingswyse praat van "Veränderungsträgen" en "Veränderungssüchtigen". Verder kan vir die begrippe primêre en sekondêre funksies van Heymans die geëkstroverteerde en geïntroverteerde van Jung, die cyclothyme en schizothyme van Kretschmer.....

(1) Mennicke: *Moderne Psychologie*, 145-182.

(2) cf. Klages: *Die Grundlagen der Charakterkunde*.

(3) cf. Häberlin: *Der Geist und die Triebe*.  
: *Der Charakter*.

Kretschmer, en die "Typus der festen Gehalte" van Jaensch onderskeidelik genoem word. Die feit moet onderstreep word dat al die genoemde ondersoekers, behalwe Pfahler wat direk by Kretschmer aansluit, volkome langs eie weg en onafhanklik van mekaar tot hierdie merkwaardige soortgelyke waarnemings en beskrywinge gekom het. Vanselfsprekend is die uitgangspunte, metodes van benadering en verwerking met die toepassing van die bevindinge nie enersluidend nie. Hierop word egter nie ingegaan nie.

Vir die gevoelslewe besig Heymans die terme emosioneel en nie-emosioneel. Pfahler praat van sterk en swak "Ansprechbarkeit des Gefühls". Kretschmer wys op die kringloop in gemoedsbeweging by die cyclothyme en die abruptheid van gevoelsreaksie by die schizo. Op die moontlike oorsaak vir die verskille in gemoedsgesteldheid het veral Ewald verder ingegaan en 'n biologiese verklaring aangebied. Hierop hoef ook nie verder ingegaan te word nie.

Wat die derde tipologiese komponent van die temperament betref, naamlik die gesteldheid van die wil in die uitvoering van sy taak, praat Heymans van die aktiewes en die nie-aktiewes en Pfahler van sterk en swak vitale energie. Kretschmer sien in sy schizothyme mense met vaste inhoude, soms met absoluut buitengewone vitale energie en 'n ontsaglike wilskrag wat dikwels soos 'n natuurkrag in die persoon werksaam kan wees. Hierteenoor staan sy cyclothyme by wie dit dikwels aan resoluutheid en volhardingsvermoë taamlik mank gaan. Vir verdere tendense van sintese word ook verwys na die merkwaardige hoofstuk in die pragwerk van Langeveld.<sup>(1)</sup>

Die voorgaande paar opmerkinge moet as voldoende geag word om aan te toon dat die verskillende tipologieë almal in 'n meerdere of mindere mate die drie grondeienskappe van die temperament vorentoe bring en dat die

terminologie.....  
 (1) Langeveld: Inleiding tot de Studie der paedagogische Psychologie, Hoofstuk XI, 291-362.

terminologie van Heymans soos dit vir hierdie ondersoek aangewend word, 'n deurgaans bruikbare en verdedigbare een is.

Na alles wat in die voorgaande gesê is, bly die vraag nog staan wat onder temperament verstaan moet word. Hierop kan alleen geantwoord word dat dit makliker is om sy werking as sy wese aan te dui. Ewald noem dit, soos reeds gesê, die intensiteit en die ritme van lewenskrag.  
<sup>(1)</sup> McDougall meen dit dui op die energie, tempo en gevoelskleur van ons gedrag. Allport omskrywe dit soos volg: "Temperament refers to the characteristic phenomena of an individual's emotional nature, including his susceptibility to emotional stimulation, his customary strength and speed of response, the quality of his prevailing mood, and all peculiarities of fluctuation and intensity in mood; these phenomena being regarded as dependent upon constitutional make-up, and  
<sup>(2)</sup> therefore largely hereditary in origin". Waterink beskou die temperament as 'n vaste koëffisiënt van die karakter. Dit werk mee om die karakter 'n bepaalde kleur te gee. Vir hom is dit 'n opbouende element van die karakter maar beskik dit tog oor 'n eie bestaanswyse. Dis moontlik dat ons twee mense met naastenby dieselfde karakter maar verskillend in temperament kan hê terwyl die temperamentseienskappe  
<sup>(3)</sup> dieselfde kan wees en die karakters radikaal kan verskil.

Wanneer.....

- (1) cf. McDougall: An Introduction to Social Psychology, 99 - 103.
- (2) Allport: op cit., 54.
- (3) Waterink: Ons Zieleleven, 134-135.  
 cf. ook die volgende:  
 Bigot, Kohnstamm en Palland: Leerboek der Psychologie, 173-205.  
 Burt: The Subnormal Mind, 53.  
 Hugo: Karaktertypes van Skoolkinders en hulle behandeling.  
 Hugo: Karakterstudie en Opvoeding.  
 Kohnstamm: Persoonlikheid in Wording, 78-87.  
 Kriekemans: Moderne Karakterologie, 110-225  
 Nel: Die Psigologie van die Onderwyser, 201-207.  
 Roback: The Psychology of Character, 1 - 117.  
 Rohrer: Einführung in die Psychologie, 432.

Wanneer 'n mens gedwing sou word om die temperament te moet omskrywe, kan gesê word dat dit die ekspressiwiteit van 'n gevoelshoedanigheid is waarmee indrukke ontvang word, die verhouding van hierdie indrukke tot vroeëre indrukke bepaal en wat die ritme van ontlading van vitale energie vir die lewe van handeling reel. Dis bio-psigies van aard en somaties lê dit veranker in die diepste vegetatiewe lewenslaag. Dis sekerlik nie onwaarskynlik nie dat die buislose kliere hierin 'n baie groot rol speel. Dis 'n aangebore, erflik-verkreë hoedanigheid wat dwarsdeur die lewe min of meer konstant bly maar wat tog deur besondere karaktereienskappe gerig of in sy uitinge geïnhibeer kan word. Dit ly geen twyfel nie dat opvoeding en veral selfopvoeding 'n besondere invloed op die temperament en sy werkinge kan uitoefen. Die gerigtheid van die mens op waardes oefen deurgaans, of behoort deurgaans die sterkste invloed uit te oefen. As dit nie so was nie, sou die mens 'n erflik-bepaalde, willose en rigtingslose wese wees met geen waardebepaling of waardebepalende deelname nie. Hy is arbeider in sy eie wyngaard en weekeraar met sy erflike bates in 'n bepaalde omgewing en deur 'n bepaalde beroep. Die mens kan arbeid en weeker omdat hy deelgenoot aan 'n objektiewe waarderyk is. Indien die mens geen waardebepalende deelname kan beoefen nie, sou van toerekeningsvatbaarheid en verantwoordelikheid, van beloning en straf, van opvoeding en regspraak geen sprake gewees het nie.

Met nadruk moet hier verklaar word dat eienskappe van die temperament as sodanig niks te make het met die sedelike gehalte van die persoon nie. Die temperament is meer die uitdrukkingswyse van die persoonlikheid. Waar die karakter die kern van die persoonlikheid uitmaak en hierdeur die sedelike gehalte van die persoon aan die lig tree, gee die persoon ook blyke van sy sedelike gehalte in sy wyse van uitdrukking. Die temperament staan dus beslis ook onder

die.....

die eis van normering. Mense met ongelukkige temperamentsbedeeldheid soos oormatige hoë emosionaliteit, swak persewerasie en gebrekkige aktiwiteit is erflik misdeeldes maar nie noodwendig slegte mense nie. Hulle slegtheid lê op 'n ander dimensie en wel op dié van die regulatiewe.<sup>(1)</sup> Sulke mense word verminderd toerekeningsvatbaar gehou. Dit tref in 'n besondere mate dat die meeste temperaments-tipoloë en karakteroloë die sedelike karakter wat die eintlike dryfvere is, heeltemal te min benadruk. Dit is byvoorbeeld die geval met die pragtige karakterleer van Ludwig Klages.

Ons doelvoorstelling is vir ons verantwoordelike bestaan van deurslaggewende betekenis. Hulle het veroorsakende betekenis en is dus regulatief. Wanneer aan die karakter gedink word, moet die konstante gerigtheid op waardes steeds in die oog gehou word. Die karakter bevat beide 'n konstitutiewe en 'n regulatiewe element. Dit kan nie beskou word as 'n uitsluitlik in-aanleg-gegewe of verworwe grootheid alleen nie. Dit is die bron van veroorsaking van die gedrag wat as individuele eenheid deur opvoeding van 'n gegewe aanleg tot stand kom. As veroorsakingsbron vir die gedrag is die temperament daarin verwerk. Laasgenoemde laat sy invloed geld maar dit ondergaan steeds die inhiberende invloed van die sedelike gehalte van die persoon wat kies terwille van 'n waarde of waardes wat verwesenlik moet word. Die karakter is die individuele en besondere sterkteverhouding van die in-aanleg-gegewe neiginge waardeur konstantheid van voorkeur, keuse en wilsrigting op die verwesenliking van 'n besondere rangorde van waardes moontlik word. Besonder geslaagd is mynsinsiens die volgende formulering van Langeveld: "Blijft te vragen, wat wij tot het karakter zullen rekenen, voorzover niet reeds de in het temperament voorhanden aanlegsfaktor in het karakter verwerkt is.

Dit.....

(1) Cf. Wiersma: Over Toerekeningsvatbaarheid.

Dit laatste zegt reeds, dat het karakter een 'supra'-struktuur is, die het temperament omvat en in zich opneemt. Het karakter is echter tegelyk gekenmerk deur zyn gerichtheid op waarden, daarin ligt een anders seligeren en reageren, ook daar waar men beter doet het woord 'waarde' te vermijden. ----- Hierin zien wij ook het goed recht van Stern om het karakter te definiëren als de eenheid van alle 'Richtungsdispositionen' van een individu. Het is echter heel zeker, dat het karakter niet louter gerichtheid is van intelligentie, van voorstellingsleven, van willen enz., het is tevens deze intelligentie, dit voorstellen, enz. Daarom mag men het karakter ook naar zyn materiële en niet slechts naar zyn formele zijde definiëren, als die grond van het gedrag, welke naar vorm en inhoud als individueel gebonden eenheid in de opvoeding van een aanleg tot stand komt. Maar daarby dient dan dadelijk opgemerkt, dat die 'opvoeding' uitgebreid gedacht moet worden tot de totale peristase en dat die 'aanleg' niet in dien zin het karakter bepaalt, dat ooit inhoudelik iets individueel bepaalds daaruit zou zyn te voorspellen."(1)

In die lig van die voorgaande beknopde weergawe van sienswyses van outeurs en aan die hand van enkele persoonlike vermeldinge kan nou tot 'n ontleding van die wilshandeling oorgegaan word.

- (2)
4. ONTLEDING VAN DIE WILSHANDELING. Heymans wys daarop dat in verband met ons wil en dus die wilshandeling ons in werklikheid met twee stelle faktore te doen het, naamlik (a) 'n oombliklike voor die bewussyn liggende voorstelling omtrent die aard en gevolge van die betrokke handeling. Dis die motiewe of die motief voorstellinge wat op die moment die oorsaak van die wilsbesluit kan wees en (b) die duursame totaliteit van duursame disposisies of soos hy dit noem, die sterkteverhouding van die neiginge van die betrokke individu, naamlik sy karakter. Ons wil hulle noem faktore voor en faktore in die wilsproses.

Dis nodig dat hierdie twee stelle faktore volledig onder oënskou geneem word want hieruit behoort te blyk watter komponente, elemente en faktore by 'n inwerkingsbedrywigheid soos dié van die opvoeder-onderwyser in die spel tree.

(a) Die.....

(1) Langeveld: op. cit., 297.

(2) cf. Inleiding in de speciale Psychologie I, Hoofstuk V.

(a) Die Faktore voor die Wilsproses.

Dit bly nou maar eenmaal 'n psigologiese feit dat voor die handeling verrig word, 'n voorstelling daarvan met sy gevolge gemaak word. Gelyktydig met die voorstelling van die handeling en sy gevolge maak 'n begeleidente komponent sy verskyning, naamlik 'n motief of oogmerk. Hierdie motiewe is tydelik opkomende voorstellinge van toekomstige moontlike handeling. Hulle is onmiddellik in die bewussyn teenwoordig met verder die oortuiging voorhande dat deur die geestelike en die liggaamlike inspanning van die persoon 'n moontlike uitvoering van die handeling kan plaasvind. Wanneer iemand hom deur spekulasie probeer verryk, is die motief die voorstelling van die te verwagte winste; wanneer daar aan 'n behoeftige of afhanklike hulp verleen word, is die motief die voorstelling van hulp en as iemand 'n onpopulêre oortuiging eerlik uitspreek, is die motief die voorstelling van die juistheid van die oortuiging.

Ten opsigte van die motiewe word daar groot verskille aangetref. Hierdie verskille berus op faktore waarvan hulle afhanklik is. Die volgende is nou faktore waarvan die motiewe afhanklik is:

(i) Uitwendige Omstandighede.

'n Handeling het betrekking op 'n konkrete situasie in die werklikheid. Die motiewe as voorstellinge van toekomstige moontlike handeling word aan hierdie omstandighede ontleen. Hoe verskillend die konkrete situasies waarvoor mens jou in die werklikheid geplaas vind, kan wees, is oorgenoeg bekend. Hierdie uitwendige omstandighede speel 'n uiters belangrike rol in die lewe van die opvoeder-onderwyser. Hulle laat hulle invloed terdeë geld ten tyde van die keuse van die beroep as moontlike toekomstige lewensberoep. En wanneer die beroep eers beoefen word, oefen die uitwendige omstandighede beslissende invloede op die vraag uit of die persoon in die beroep sal bly dan of hy moontlik sal verwissel. Die

uitwendige.....

uitwendige omstandighede wat tydens die keuse die motiewe kon beïnvloed, is o.a. die volgende: die heersende politieke en ekonomiese konstellasie, die ekonomiese posisie van hulle van wie hy afhanklik is, die moontlikheid van 'n leningsbeurs, gratisopleiding, die versekerheid van 'n gereëlde maandelikse inkomste, baie vakansies, vrye middag en naweke, periodieke lang- en siekteverlof, en sulkes meer. Die omstandighede wat die persoon in die beroep kan laat volhard of hom laat uittree, kan o.a. van die volgende aard wees: die houding van die owerheid, dit sy die hoof, die inspekteur, die onderwysdepartement, langdurige tydelikheid, die moontlike vooroordeel van liggame wat aansoeke oorweeg, trakterentering, kondisies waaronder gewerk word soos die klimaat, die geboue, die huisvestingsprobleem, die gesindheid van die gemeenskap en dergeliks meer. Wanneer die uitgevoerde empiriese ondersoek bespreek word, sal die belangrikheid van uitwendige omstandighede en die invloed wat hulle op die motiewe uitoefen, aan verdere analise onderwerp word.

#### (ii) Kennis van Omstandighede.

Na mate 'n mens meer kennis besit, na dié mate is dit moontlik dat al die verskillende motiewe kan opkom. 'n Kennis van die omstandighede is verder weer afhanklik van:

- (I) Ons Lewenservaring: Hoe ouer 'n mens word, hoe ryker en ryper die ervaring. Die ervaring verbreed die perspektief en hoe breër die laasgenoemde, hoe menigvuldiger en ryker die motiewe kan word. Met die loop van die jare kan op grond van ryper lewenservaring 'n ingrypende verskuiwing van die rangorde van motiewe plaasvind. Wanneer 'n gunstige verskuiwing plaasvind, lewer dit die oortuigende bewys dat mens eers deur die beroep onderwyser word en derhalwe die idee van onderwyser altyd beter konsipieër. Of daar in die proewe wat aangebied word 'n

verskuiwing.....

verskuiwing plaasgevind het en wat die aard van die verskuiwing is, sal uit die bevindinge spreek.

- (II) Intelligensie: Na mate die intelligensie groter word, na dié mate is die fantasie en verbeeldingskrag ryker en bygevolg is daar 'n groter kans dat alle moontlike motiewe in die spel sal tree. Groter intelligensie bring groter oordeelkundigheid mee en groter oordeelkundigheid beïnvloed ondubbelsinnig die verbeeldings- en voorstellingslewe sodat meer moontlike toekomstige handeling hulle in die bewussyn moet afspeel. Die werklike keuse wat dan uiteindelik gemaak word, sal des te duideliker aan die lig bring watter besondere insigte daar in die rangorde van waardes gehuldig word, volgens watter maatstaf of maatstawwe daar gekeur word en veral watter tipiese karaktertrekke aan die lig tree. Hieruit sal dan veral blyk of daar 'n pedagogiese karaktertipologie (geen karakterologie nie) is en waarin hierdie tipiese hom laat kenmerk. Maar die motiewe is ook in 'n besondere mate afhanklik van

(iii) Twee stelle temperamentsfaktore wat ons wil noem die geremdheid en graad van emosionaliteit van die persoon.

- (I) Die Geremdheid of Besonnenheid: Hierin gaan dit om die graad van sekondêre funksie. Daar is persone wat gekenmerk word deur hulle oop-staan vir prikkels wat van buite op hulle inwerk, deur hulle vinnige reaksie daarop en hulle betreklike swak persewerasie. Aan die ander kant tref ons diegene aan wat betreklik geslote is vir die indrukke van buite, wat die prikkels versigtig uitkies en deur 'n langsame reaksie en betreklike sterk persewerasie van die inhoud van die bewussyn gekenmerk word.

Sekondêre.....

Sekondêre funksie wys deurgaans op die nawerking van vroeëre inhoude van die bewussyn. Die bewussyn van die primêr-funksionerende is eng, d.w.s. dit word bepaal deur wat daar op die oomblik bewustheid van is. Die bewussyn van die sekondêr-funksionerende is ruim want die nie-bewuste inhoude speel telkens 'n groot rol. By die primêr-funksionerende is daar dus 'n kort nawerking van bewuste gewaarwordinge wat vinnig na die onderbewuste wegvloei en dus weinig invloed op nuwe situasies uitoefen. Die sekondêr-funksionerende ondervind steeds die nawerking en die medebepalende invloed van inhoude uit die onderbewuste reeds nadat ander gewaarwordinge hulle in die bewussyn bevind. Diegene by wie daar 'n sterk en goed geordende sekondêre funksie is, dink na en handel volgens al die gegewens. Hieruit blyk genoegsaam hoe sterk of swak persewerasie die motiewe kan beïnvloed. En aangesien opvoeding en onderwys so 'n sterk beroep op die voorstellingslewe, insluitende die denke en die waarneming maak, is dit 'n belangrike vraag om uit te maak of die sekondêr-funksionerende 'n voorsprong bo die primêr-funksionerende het of selfs miskien omgekeerd en verder ook of daar 'n korrelasie tussen een van die twee funksies aan die een kant en goeie opvoeding of onderwys of albei aan die ander kant bestaan, ja selfs watter twee die hoogste korrelasie vertoon. Dis 'n moeilike taak, maar nie 'n onmoontlike een nie. Die uitgevoerde ondersoek het hierdie aspek van die probleem nie voldoende aangeraak nie, hoewel daar ook in hierdie opsig sekere gevolgtrekkings gemaak gaan word.

- (II) Die Sterktegraad van Gemoedsaandoeninge of die Graad van Emosionaliteit. Mens verskil in hulle vatbaarheid vir gemoedsaandoeninge. Vanselfsprekend is daar geen mens binnekant die grense van die normale nie

wat.....

wat vir gemoedsaandoeninge totaal onvatbaar is. Emosioneel dui alleen op die vatbaarheid vir aandoeninge wat bokant die gemiddelde lê terwyl nie-emosioneel minder as die gemiddelde beteken. Die graad van vatbaarheid vir gemoedsaandoeninge oefen egter beslissende invloed op die voorstelling uit. Hoë emosionaliteit het 'n besondere uitwerking op die omvang van die bewussyn met sy inhoude. Dit lei beslis tot vereniging daarvan sodat met die beperktheid van omvang wat hierdeur ontstaan, net een saak helder voor die gees sy verskyning maak met uitsluiting van ander. Hoë emosionaliteit het altyd as gevolg dat soos die een inhoud aan prominensie wen, die ander vervaag. Vanselfsprekend sal hoë emosionaliteit die vrye spel van die motiewe ten nadele beïnvloed. Dit rem die denkfunksies en veroorsaak impulsiwiteit in die handeling van die persoon. Die persoon wat weinig vatbaarheid vir emosionele aandoening openbaar, dink kalmer na. Daar is die besliste neiging om alle aspekte van die saak in oënskou te neem en baie meer besonne in sy beoordeling van die situasie te reageer. Hy gee behoorlik aandag aan elke moontlikheid van handeling. Die emosionele se belangstelling sal derhalwe ook baie gouer gewek kan word as dié van 'n flegmatiker. Die bewussynsdrempel van die eersgenoemde word hoog oortree en intense entoesiasme vir 'n saak word gewek terwyl die flegmatiker in sy besonnenheid nooit dieselfde hoogte van belangstelling kan bereik nie.

Toegepas op die onderhawige tema: hoedanig word die werk van opvoeding en onderwys deur hoë en lae grade van vatbaarheid vir gemoedsaandoeninge beïnvloed? Is hoë emosionaliteit en impulsiwiteit gevaarlike temperamente-eienskappe in verband met die optrede teenoor 'n kind? Is besonnenheid.....

besonnenheid 'n gunstiger eienskap as emosionaliteit al word die belangstelling nie so intens gaande gemaak nie? Hierop en op aanverwante vrae sal 'n antwoord gegee moet word.

Die voorgaande beliggaam dan die faktore voor die wilsproses. Dit het genoegsaam geblyk watter belangrike rol hulle speel en soos byvoorbeeld verwag kan word, ook in die werk van opvoeding en onderwys behoort te speel. Wanneer die resultate van die uitgevoerde ondersoek verderaan bespreek word, sal pogings aangewend word om die invloed van hierdie faktore duidelik aan te toon.

(b) Faktore in die Wilsproses self:

Vroeër is gesê dat die motiewe as die tydelik opkomende voorstellinge van toekomstige moontlike handelinge inslag en aanklank by een of meer van die duursame psigiese gesteldhede of neiginge vind wat dan 'n begeerte of ook botsende begeertes kan wek. Die motief of motiewe in samewerking met die neiging of neiginge wek 'n begeerte of botsende begeertes. Die sterkste begeerte bepaal die keuse van die toekomstige handeling en gee dus ook die deurslag tot die handeling. Maar die sterkste begeerte is weer afhanklik van die besondere sterkteverhouding van die neiginge of die karakter. Dis eintlik vanselfsprekend dat indien daar van 'n sterkteverhouding van neiginge sprake is, daar meer as een soort neiging moet bestaan en dat hulle ook nie dieselfde graad van goedkeurenswaardigheid besit nie. Hieroor word aanstonds gehandel.

Die neiginge as duursame disposisies beliggaam met die aanvang van die jare van oordeelkundigheid en sedelike selfstandigheid 'n duursame totaliteit en 'n konstante geheel wat bekend staan as die karakter. Die onderlinge sterkteverhouding van die neiginge bepaal verder die  
sedelike .....

sedelike waarde van die indiwidu. Die duursame totaliteit van duursame neiginge in hulle gegewe samhang en sterkte-verhouding loop uit op en gee ook grootliks die waarborg vir 'n konstantheid van waardevoorkeur, konstantheid van keuse en konstantheid van wilsrigting.

Die praktiese verskille in die wilsproses self moet dan toegeskrywe word aan

I. Die verskille in die sterkteverhouding van die neiginge as duursame psigiese gesteldhede. Soveel is seker dat die neiginge in 'n besondere mate die eintlike wilsproses beïnvloed. Die vraag is alleen watter neiginge deur die wilshandelinge tot uiting kom. Hiervoor is daar 'n menigte van klassifikasies. Vir hierdie doel is die klassifikasie van Paulhan <sup>(1)</sup> die mees bruikbare. Hy verdeel hulle in vier groepe naamlik:

- (i) Die Vitale neiginge,
- (ii) Die egofilistiese,
- (iii) Die sosiale en die
- (iv) Supra-sosiale of die abstrakte neiginge.

Hierdie klassifikasie is 'n teoretiese, d.w.s. dis nie die uitvloeisel van en georiënteer aan 'n uitgebreide empiriese ondersoek nie. Tog is dit baie doelmatiger as die meeste gangbare empiries-georiënteerde klassifikasies. 'n Klassifikasie kan nie as juis of onjuis bestempel word nie maar as doelmatig of ondoelmatig. Paulhan se klassifikasie bied hierdie voordeel dat dit ons 'n beeld van die mens se karakter gee soos ons dit elke dag uit die ondervinding leer ken en dat hy dit ook met bekende woorde aandui. Dit laat niks belangriks weg nie maar beklemtoon juis die bekende swaartepunte van die mens se lewe. Hier moet ook nog opgemerk word dat die karaktertrekke of die neiginge op die vatbaarheid, die moontlikheid, predisposisie en aspekte van die karakter sien en nie op soveel aparte vermoëns nie. In die psychè is daar geen werklike diskrete dele nie.

Daarby bied die skema dié trekke aan wat 'n mens besit sonder om 'n teorie voor te staan waar hulle vandaan kom. Elkeen van hierdie vier groepe van neiginge moet nou kortliks bespreek word.

(i) Die Vitale Neiginge is gerig op bevrediging wat deur uitoefening van een of ander liggaamlike of psigiese funksie verkry word. E.D. Wiersma verdeel hulle in:

A. Organiese, soos honger, dors, seks, die voedingsdrang.

B. Psigiese, soos die bewegingsdrang, drang na okkupasie van die opmerkzaamheid en vryheidsdrang, d.w.s. die drang om te kan doen wat uit 'n mens self opkom.

Hoe oordeel die sedelike bewussyn oor hierdie neiginge? Op hulleself word hulle nóg goed nóg afgekeur want hulle is in werklikheid niks minder nie as die vervulling van fundamentele lewensbehoeftes as 'n biologiese noodsaaklikheid. Maar sodra ander uitinge deur die vitale oorheers word en egoïsme in die karakter laat blyk, word hulle laakbaar gevind. Dis veral die geval as hierdie neiginge aan hulle eie doel onttrek word en g'n normale uitingsvorm meer vind nie. Sulks sal die geval wees as hulle byvoorbeeld 'n genotmiddel gemaak word deur in diens van egofilistiese neiginge gestel te word. 'n Geval van hierdie aard sou wees waar 'n persoon voedsel as 'n genotmiddel sou nuttig in plaas van in die liggaamlike behoeftes te voorsien. En sou hierdie neiginge die sosiale en supra-sosiale oorheers, word die afkeuringswaardigheid des te sterker. Dit kan ook gebeur dat die vitale neiginge in 'n sodanige sterktegraad aanwesig is dat hulle op 'n wyse uiting vind anders as wat die deursneemens bevredig. Hulle is dan patologies en moet mens liever van 'n misdeelde as 'n misdadiger praat. Solank hierdie neiginge in die gedragsuitinge van die persoon op hulle eie doel gerig is en verder in hulle uitingsvorme aan die sosiale en

veral.....

veral supra-sosiale ondergeskik gemaak word, staan ons altyd goedkeurend.

(ii) Die Egofilistiese Neiginge. Hulle is gemik op selfbehoud en selfbevordering en staan dus in verband met bevrediging wat te verkry is wanneer behoeftes van die handelende persoon self voldoening geniet. Dat daar sulke neiginge bestaan en ook moet bestaan, sal deur niemand afgekeur word nie. Mens het ook pligte teenoor jouself soos byvoorbeeld sorg vir die instandhouding, eer en gesondheid. Maar wanneer hierdie neiginge die sosiale en supra-sosiale domineer of ook die vitale by 'n ander sou domineer of dwarsboom, is daar van 'n selfsugtige karakter sprake en staan die sedelike bewussyn sterk afkeurend. Die sedelike oordeel oor hierdie neigingsgroep word derhalwe in die lig van hulle relatiewe sterkte in die karakter beoordeel. Sodra die uitingsvorme hiervan ten koste van 'n ander geskied, staan die sedelike bewussyn deurgaans afkeurend teenoor uitinge van 'n sodanige aard. Selfbehoud en selfbevordering is lewensnoodsaaklik maar elke vorm van eieliefde en egoïsme geniet ons afkeuring. Dat daar ook in die onderwysberoep die aanwesigheid van egofilistiese neiginge moet bestaan, sal uit die gegewens van die uitgevoerde ondersoek duidelik blyk. Sekuriteit, waaronder ook finansiële sekuriteit, maak een van ons fundamentele drange uit. By brood alleen kan die mens nie leef nie, maar sonder brood ewemin. Dit geld ook vir die opvoeder-onderwyser.

(iii) Die Sosiale Neiginge. Hulle is gerig op bevrediging wat verkry word wanneer die aktiwiteite gerig word op die behartiging van belange van persone ander as die handelende self. Hier word gedink aan die naaste, medemens, gesin, familie, gemeenskap, volksgenote, vaderlandsliefde en algemene menseliefde. Wanneer hierdie neigings die vitale en egofilistiese

oorheers, m.a.w. wanneer hulle ekmiddelpuntvliedend word, staan die sedelike bewussyn deurgaans goedkeurend. Sodra die sosiale neiginge die indruk van enghed maak, byvoorbeeld wanneer alleen die handelende persoon bevoordeel word ten koste van ander, word daar afkeurend geoordeel. Die hoogste sedelike goedkeuringswaardigheid laat hom by toestande en omstandighede kenmerk waar hierdie sosiale drange hulle uit in liefdediens teenoor die medemens wat op jou weg gestel is.

Dit spreek genoegsaam watter groot rol hierdie neiginge in die werk van opvoeding en onderwys speel. Laasgenoemde laat hom deurgaans kenmerk as 'n jy-gerigtheid. Verdere kommentaar hieroor is voorlopig oorbodig

(iv) Die Supra-sosiale Neiginge. Hulle staan in betrekking tot die bo-indiwiduele, bo-persoonlike, saaklike. Mens dink hier aan sake soos waarheidsliefde, eerlikheid, betroubaarheid, opregtheid en geregtigheid. Wanneer die lewe van handeling in diens van hierdie deugde staan, word deurgaans goedkeurend gepraat en word iemand wat sy lewe in diens van die bevordering van die hiergenoemde reeks stel, as 'n hoogstaande sedelike persoonlikheid gekwalifiseer. Maar dit beteken geensins dat die vitale en egofilistiese neiginge aan hulle doel onttrek hoef te word nie. Die mens moet sy deelgenootskap en verbondenheid met die verskillende sfere ten volle beoefen. Maar vir volle menswaardigheid word tog die eis gestel dat die eksmiddelpuntbevorderende kragte nooit in die pad van die ek-middelpuntvliedende sal staan nie. Wat is per slot van sake die doel van die sedelike opvoeding anders as die ontwikkeling van 'n ek-middelpuntvliedende gesindheid by die opvoeding? En wanneer ons by die vraag kom watter insig die opvoeder- onderwyser in sedelike waardes vertoon, volgens watter

maatstaf.....

maatstaf of maatstawwe hy keur en watter besondere rangorde hy huldig, dit tog maar die besondere sterkteverhouding van die neiginge is wat hieroor uitsluitel sal gee. En wanneer die opvoeder-onderwyser sedelik beoordeel word, sal dit per slot van sake tog ook maar in 'n besondere mate om die sterkteverhouding van die neiginge gaan wat in sy lewe van handeling aan die lig tree. Oor die karakter wat herkoms, bou, ontwikkeling en die faktore wat dit beïnvloed, betref, word hier nie gehandel nie.

Die voorgaande het voldoende aangetoon dat die neiginge in hulle besondere sterkteverhouding 'n uiters belangrike en gewigtige rol in die eintlike wilsproses speel. In hulle besondere sterkteverhouding wek hulle in samewerking met die motiewe die begeerte maar ook die sterkste begeerte. Dis primêr uit die konstellasie van hierdie duursame disposisies dat konstantheid van voorkeur, keuse en wilsrigting voortvloei. Maar behalwe die neiginge is daar nog 'n faktor, 'n temperamentele aangeleentheid, wat besondere invloed uitoefen naamlik

II. Die Graad van Aktiwiteit van die Persoon. In werklikheid lê hierdie faktor nie so seer in die eintlike wilsproses nie. Immers, waaraan vooraf gedink is, is as doel aanvaar en daarop is besluit. Maar nou resteer nog die uitvoering van daardie aanvaarde doel of besluit. Die uitvoering van die besluit is net so belangrik as die voorstelling en die doelaanvaarding daarvan. Wanneer daar alleen voorstellings van toekomstige moontlike handelinge plaasvind en daaroor besluit word sonder die uitvoering daarvan, is dit loutere wensdenkery. Persone verskil onderling wat betref die mate van resoluutheid, spoed en volharding waarmee die as doelaanvaarde uitgevoer word. Die beslistheid, die tempo en die volharding

waarmee die uitvoering geskied, is van 'n temperamentsfaktor afhanklik en wat as die graad van aktiwiteit bekend staan.

Die begrip aktiwiteit staan los van die motiewe en die karakter en dit lê ook op 'n ander dimensie, naamlik dié van algemene intra-psigiese geesteseseienskappe. Dit het betrekking op die ritme en die intensiteit van lewenskrag en die tempo van ontlading van psigiese energie. Mens kan dit ook sien as spontane dryfkrag, deursetting en volharding. Dis die spontane gereedheid om positief en konstruktief besig te word en te bly en om 'n handeling of reeks handeling te terwille van die vreugde wat daaruit gebore word, maar ook terwille van die verpligtende geaardheid en karakter daarvan spontaan, met beslistheid, spoed en volharding op konstante wyse te verrig. Ons herhaal: aktiwiteit of vitaliteit staan in geen verhouding tot morele kwaliteite van die persoon nie. Dit gaan om die suiwere natuurlike drang om meer aktief of meer passief te wees. Die etiese houding van 'n persoon kan hom ewegoed in lye en dulde as in handeling en die uitvoering van take manifesteer.

Die voorgaande paar opmerkinge lewer genoegsame bewys watter belangrike en gunstige invloed daar van 'n bedoelheid met aktiwiteit op sekere beroepe kan uitgaan. In 'n beroep soos die onderwys kan die vermoeding al dadelik gekoester word dat bedoelheid hiermee gunstig behoort te beïnvloed. In dié beroep is soos vroeër aangetoon, 'n groot mate roetine aanwesig. Daar is die noodsaaklikheid dat bepaalde take op bepaalde tye afgewerk sal word en dat die beoefenaar hom in die uitvoering daarvan nie deur toevallige wense en begeertes, motiewe en stemminge van koers sal laat bring nie. Vastheid van lewensrigting, resoluutheid en spoed, deursettings- en volhardingsvermoë, die blymoedige uitvoer van soms minder aangename take, byna grensende aan sleur, volg uit die geaardheid en

gesteldheid van die onderwysberoep as byna vanselfsprekend. Eienskappe soos spontaneïteit, resoluutheid en volharding wat die gemak, snelheid en duursaamheid van wilsreaksies bepaal, behoort niks minder nie as gunstig en ook ooreenstemmend met die eise wat die beroep stel, te beantwoord. Die uitgevoerde ondersoek moet hieroor verdere uitsluitel gee.

By die aspek van uitvoering in die wilshandeling vind ons dan 'n aandrang van die hele bewussyn op die verwesenliking van wat as doel aanvaar is. Die intensiteit van die aandrang in die bewussyn is van die graad van aktiwiteit afhanklik. Eintlik het die wil in sy uitvoering dan ook vier dimensies wat teëstellend elk met homself as volg opgesom kan word.

- (i) Die rigting van die uitvoering, goed of sleg. Dit bepaal die sedelike gehalte van die karakter,
- (ii) Die kragdadigheid of swakheid van die uitvoering,
- (iii) Die duur, tempo en volharding van die aandrang teenoor die uitvoering daarvan, en
- (iv) Die resoluutheid of onbeslistheid van die persoon.

Opsommend: Elke wilshandeling moet as die produk van drie faktore gesien word:

- (a) Waaraan gedink is: die voorstelling van die aard van die handeling en die gevolge wat beoog word,
- (b) wat as doel aanvaar is en waarop besluit is, afhanklik van die sterkteverhouding van die neiginge, en
- (c) Die ten uitvoer-bring daarvan, naamlik die graad van aktiwiteit. Die Wilshandeling is die resultaat van die onderlinge samewerking van en wedersydse beïnvloeding deur die motiewe, neiginge en temperament.

Uit die voorgaande blyk voldoende hoe belangrik dit is om in die lewe van handeling, hierdie rigtinggewende faktor.....

faktor van die persoonlikheid, besondere rekening met die motiewe, die sterkteverhouding van die neiginge en temperament, veral aktiwiteit, te hou. Maar hiermee is die agtergrond vir die benadering en beoordeling van die opvoeder-onderwyser geensins volledig nie. Dit gaan nie net om die lewe van voorstelling, belewing en strewing nie maar ook om keuring. Wanneer die lewe van keuring en waardeskatting oor die hoof sou gesien word, moet mens noodwendig 'n skewe beeld van die opvoeder-onderwyser verkry. In die volgende hoofstuk moet dan aandag aan die inhoudelike gerigtheid van strewing geskenk word.